South African Agricultural Machinery Association
Suid-Afrikaanse Landboumasjinerieassosiasie

P.O. Box/Posbus 1159
Edenvale
1610
South Africa/Suid-Afrika

Telephone/Telefoon (011) 453-7249
Telefax/Telefaks (011) 453-9710

- PERSVRYSTELLING -

05-02-2021

Januarie 2021: TREKKER- en STROPERVERKOPE

Kleinhandelverkope van landboumasjinerie vir **Januarie 2021** was soos volg:

	Maand Januarie		Persentasie verandering	Jaar-tot-datum Januarie		Persentasie verandering
	2021	2020	%	2021	2020	%
Trekkers	445	348	27.9	445	348	27.9
Stropers	5	5	0.0	5	5	0.0

Trekkerverkope van 445 eenhede in Januarie is aansienlik meer (28%) as die 348 eenhede wat verlede Januarie verkoop is. In Januarie is vyf stropers verkoop, dieselfde as in Januarie verlede jaar.

Sentiment in die mark bly baie positief. Goeie oeste (oor die algemeen), goeie kommoditeitspryse en gunstige reënval in die meeste gebiede dra daartoe by. Daar is steeds heelwat veranderlikes wat someroeste kan beïnvloed, so daar is 'n mate van omsigtigheid in die bedryf. Vooruitsigte lyk nietemin goed vir die kort- tot mediumtermyn. Aanvanklike ramings vir die 2021-kalenderjaar lyk baie bemoedigend, met verkope wat waarskynlik tot 10% hoër kan wees as vir 2020.

(Let asseblief daarop dat die verkoopsyfers nie direk vergelyk kan word met vorige data nie. 'n Maatskappy wat trekkers verkoop het begin om verkope van hulle trekkers aan te meld. Syfers vir maand-tot-maand en jaar-tot-jaar kan egter vergelyk word).

Karel Munnik
Voorsitter: Suid-Afrikaanse Landboumasjinerieassosiasie

Kontak: mnr. Karel Munnik (082) 412-2577 of dr. Jim Rankin (011) 453-7249